



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 12 DESEMBER 2021

DERDE SONDAG VAN ADVENT

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Ons mense wat met vakansie vertrek en
wilverdiend gaan rus*

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Filippense 4:4-7; Sefanja 3:14-20

Jesaja 12:2-6; Lukas 3:7-18

SONDAG, 12 DESEMBER	
09:00	Oggenddiens in Kerk – Ds Chris Barnardo Deuroffer ten bate van: Gemeente se eie fondse
Geen	Kinderkerk Erediensspan 2 – Lorraine Louw
Geen	Aanddiens
Geen	Senior kategese
MAANDAG, 13 DESEMBER	
DINSDAG, 14 DESEMBER	
WOENSDAG, 15 DESEMBER	
SKOLE SLUIT	
DONDERDAG, 16 DESEMBER	
VERSOENINGSDAG 09:00 – 10:00 Gebedsgeleentheid by Kuilsrivier-Suid Gemeente	
VRYDAG, 17 DESEMBER	

SATERDAG, 18 DESEMBER

SONDAG, 19 DESEMBER

VIERDE SONDAG VAN ADVENT

09:00 Oggenddiens op Avalon

Geen Kinderkerk

Geen Aanddiens

Geen Senior kategese

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.
2. Ds Hannes Burger is tans met Sabbatsverlof. **Kontak die kerkkantoor indien jy 'n leraar benodig.**
3. Die almanakke vir 2022 word tans versprei. Kontak gerus jou blokleier of dienswerker om navraag te doen.

GEMEENTENUUS

1. Sophie Gourrah (Annandalestraat) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
2. Phillie en Elise van Wyk (Othello) het hul goue bruilof herdenk.
3. Eric Brand (Othello) het 'n mediese prosedure ondergaan. Die dokters is tevrede.
4. Hester Carstens (Zevenzicht) sterk by die huis aan na haar operasie.
5. Laza Smith (Brackenfell) is uit die hospitaal ontslaan en sterk by die huis aan.
6. Ewis Pienaar (Othello) is uit die hospitaal ontslaan en sterk by die huis aan.
7. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
Elizma O'Leary vanaf Kuilsrivier-Suid



KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal oor die feesgety van 20 Desember 2021 tot 7 Januarie 2022 gesluit wees en heropen weer op Maandag 10 Januarie 2022.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

13/12 Sanet Koen, Lizl le Roux

14/12 Adel Kotzé, Hendrik Gouws, Tiaan Theron, Willie Kühn, Lizette Rootman, Marina Klomp, Juanita Joubert, Mickey Muller

15/12 Chris Johnson, Cor Louw, Nuscha Botha, Liam de Koker

16/12 Carina Slabber, Martin Kühn, Lindia Kritzinger, Kotie Jonas, Gert Pieterse

17/12 Christo Eksteen, Louis Coetzee, Jan-Daniël Rossouw, Johan de Mon, Zach Williamson, Debbie Basson, Jeannine Toua, Lara Smit

18/12 Johan Heydenrych, Jean de Klerk, Monica Fourie, Martie van Zyl



EREDIENSTE

In terme van die vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 750. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.

Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoof plekke te bespreek vir die bywoning van erediens nie. Monitoring sal steeds by die deure gedoen word.

Indien die inperkingsvlak sou verhoog en ons toegelate bywoningsgetalle verlaag word, sal dié besluit heroorweeg word.

AVALON PLAASDIENS

Op Sondag 19 Desember 2021 sal die gemeente se erediens slegs op Avalon plaasvind. Daar sal dus **geen** diens in die kerkgebou wees nie. Almal word vriendelik na Avalon uitgenooi waar ds. Johan Morkel die erediens gaan waarneem. 'n Video van die erediens sal die volgende dag op die webtuiste van De Eike verskyn. Piet Rootman reël vervoer vanaf die kerkgebou na Avalon en terug. Vervoer sal om 08:55 vanaf die kerkgebou vertrek.

KERSDAG 25 DESEMBER 2021

Bring asb nie-bederfbare kos na die erediens op Kersdag. Mandjies sal beskikbaar wees waarin dit geplaas kan word.

MINI-BASAAR

Baie dankie aan almal betrokke met die reëlings, vir skenkings en ondersteuning. Die bedrag van R18 500 is ingesamel.


DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is tans baie laag

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet



DE EIKE SE SOMERKONSERT

Ja! Julle het reg gelees! De Eike hou 'n somerkonsert met 'n ete in die bos op Avalonplaas op Saterdag, 19 Februarie 2022.

Ons gaan piekniekstyl kuier met ons eie stoele, terwyl Tyan Odendal ons vermaak met kitaar en sang. Avalon se wyn sal te koop wees.

Die kaartjies is R150 per kop, heerlike spaghetti pot en vermaak ingesluit, so sit 'n geldjie eenkant daarvoor.

Groete
Blokke WSG 2 en 5
Jacques Odendal en Hennie Rootman

(Meer inligting is in hierdie week se Akker)

PREEKSKETS

TEMA - LEEF IN VREUGDE TERWYL JY WAG

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Fil. 4:2-9



1. Inleiding. Filippense 4 is waarskynlik een van die bekendste en mooiste blydskapt tekste tot ons beskikking. Dit is tog jammer dat spanning binne 'n gemeente hierdie vreugde steel. Daarom praat Paulus die twee vroue aan omrede die bediening skade lei as gevolg van hulle onmin tussen mekaar. Juis daarom vra Paulus dat die gemeente bly sal wees.

2. Wees vol blydskap en vreugde. Ons word vanoggend gevra om in alle omstandighede met vreugde en blydskap te leef. Of dit nou goed gaan en of ons wile heeltemal afkom, ons moet heeltyd bly wees in die Here. Hoekom? Hoekom moet ons bly wees? Want die Here se tweede koms is naby! Ons kan nie maar leef, dink en doen soos ons dit goed vind nie. Die vraag is: Stempel die Here se nabyheid ook ons denke, woorde en dade?

3. Hoe gaan ons dit regkry om vol blydskap en vreugde te leef? Hoe gaan ons dit regkry sodat die vrede van God wag hou oor ons denke, woorde en dade?

- Gebed en danksegging.
- Om my denke doelbewus met goeie opbouende gedagtes te vul.
- Om die goeie nuus in praktyk toe te pas.

4. Slot. Wanneer ons hierdie drie dinge noukeurig navolg gaan ons vreugde en blydskap deur die teenwoordigheid van God se vrede beleef.